28 Oktober 1 Samuel 6:1-12; Psalm 68; Efesiërs 4:7-13
(Teks: 1 Sam. 6:12)

Gawes van die Here

Die Filistyne het die ark geroof en in Dagon se tempel gaan sit. Die volgende oggend kry hulle vir Dagon waar hy vooroor geval het en op die grond voor die ark lê. Die Here tref die Filistyne met swere en 'n muisplaag. Hulle raadpleeg die waarsêers en die antwoord is: Die ark moet teruggegee word en daar moet ook goue geskenke saamgestuur word. Die wa wat die ark vervoer moet deur koeie wat nog in melk is, met ander woorde wat nog 'n kalf het, getrek word. Dit mag ook nie geleerde koeie wees nie en die koeie moet self koers kry. Hulle mag nie gelei of aangejaag word nie.

Die toets is: As die koeie koers kry na Bet-Semes sal die Filistyne weet dat dit die God van Israel was wat die rampe oor hulle gebring het. As die koeie 'n ander pad loop was dit nie die Here nie.

En dan gebeur die wonder want die koeie vat bulk-bulk die pad na Bet-Semes! Hulle word gedwing om God se pad te loop al wil hulle hul eie pad loop en na hul kalwers gaan. Ons sien onsself in daardie koeie. As uitverkorenes word ons gedwing om God se pad te loop alhoewel ons bulk vir die wêreldse dinge. "Dit sal darem lekker wees om na my kalf toe te gaan" - om te kan meedoen aan die dinge wat die wêreld bied.

Pasop dat jou gebulk nie later wegbreek word na die kalwers nie.

Jy móét die pad van God loop!

Sing: Psalm 68:8

Ds. T. Krüger (Newcastle)